

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 3, No. 6

Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



## *Persoonlik*

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

## **Wat het van die Waarheid geword?**

Dit is skokkend om te besef dat die meeste belydende Christenkerke in totale onkunde is oor die ware antwoorde op die lewe se belangrikste vrae: *Waar* het menslike lewe vandaan gekom? *Waarom* is u gebore? *Waarheen* gaan u na u dood?

Hierdie tydskrif kan u die regte *antwoorde* op hierdie vrae gee omdat ons in hierdie Werk van die lewende God opreg probeer om die *Christenskap van die Apostels te herstel* – die *oorspronklike* Christenskap van diegene wat in die tyd van Jesus en die Twaalf Apostels geleef het. Ons voel hoewel die meeste hedendaagse kerkgangers opreg is en goed bedoel, hulle *absoluut mislei* is betreffende die groot kwessies van die lewe, dood en hiernamaals. Hulle is verseker mislei indien hulle vir een oomblik dink dat hulle ware “Bybelse Christenskap” beoefen!

Hoe *durf* ek ditsê?

Ek sê dit *omdat* dit *waar* is! Ek sê dit ook omdat talle hoogaangeskrewe godsdienskrywers en geskiedkundiges dit sê. Hulle *weet* dat baie van die idees en praktyke van “algemene” Christendom **nie** uit die Bybel kom nie, maar van heidense filosofie en menslike redenasie.

Die gemiddelde kerkganger het egter geen idee nie!

Belydende Christendom het die spoor byster geraak kort na die dood van die oorspronklike

Apostels. Soos “hoofstroom” skrywer Jesse Lyman Hurlbut reguit erken: “Vir vyftig jaar na Paulus se lewe hang daar 'n sluier oor die kerk waardeur ons tevergeefs probeer kyk; en wanneer dit uiteindelik lig, rondom 120 n.C. met die skrywes van die vroegste kerkvaders, vind ons 'n kerk wat in baie opsigte baie verskil van die kerk in die dae van Petrus en Paulus” (vertaal uit *The Story of the Christian Church*, bl. 41).

Inderdaad. Die belydende Christenkerk het nie net “baie” verskil nie – maar ons kan objektief sê – “uitermate” verskillend! Soos Hurlbut 'n paar bladsye verder uitbrei: “Ambisieuse, wêreldse, beginsellose mense wou ampte in die kerk bekom vir sosiale en politieke invloed. Die morele stand van die Christendom aan bewind, was baie laer as dit wat dieselfde mense onder vervolging gekenmerk het. Die aanbiddingsdienste het toegeneem in praal, maar was minder geestelik en hartlik as dié vantevore. Die gebruike en seremonies van heidendom het geleidelik in die aanbidding ingekruip. Sommige van die ou heidense feeste het kerkfeeste geword met bloot verandering in naam en aanbidding. Rondom 405 n.C. het beelde van heiliges en martelare in kerke begin verskyn, eers as herdenkings en toe in volgorde vereer, gelief en aanbid. Die aanbidding van die maagd Maria vervang aanbidding van Venus en Diana; die Nagmaal raak 'n offer pleks

van 'n herdenking; en die ouderling (opsiener) ontwikkel van prediker na priester. As gevolg daarvan dat die kerk mag besit, sien ons dus nie dat Christendom die wêreld na sy eie ideaal verander nie, maar dat die wêreld die kerk domineer (bl. 79).

Was dit die ware Kerk van God? Kan die Protestante eerlik daarop aanspraak maak dat hulle uit die ware Kerk voortgekom het? Hierdie ontwikkelende Katolieke kerk het die formaliteite en sierade van die ou heidense Saturnalia gehou – ter viering van die winter sonstilstand met groot gefuif en dikwels losbandige swelgpartye. Ten einde hul nuwe soort Christendom meer aanvaarbaar te maak vir die heidene, noem hulle hierdie viering die “Fees van Christus”, of soos ons dit vandag ken, “Kersfees”.

Daarna doen hulle heeltemal weg met die fees van die Pasga wat in die Bybel gebied word en verander die lenteaanbidding (in die Noordelike Halfrond) van die vrugbaarheidsgodin, Isis, na “Paasfees”. Om die atmosfeer van hierdie heidenfees verder te besoedel, begin hulle daarop aanspraak maak dat Christus op 'n Vrydagmiddag gekruisig is en op die oggend van Paassondag uit die dood opgestaan het – wat Hy nie gedoen het nie. Gerieflikheidshalwe kyk hulle die feit oor die hoof dat die hoofteken wat Jesus Christus aan die Jode

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad: Persoonlik

#### Wat het van die Waarheid geword?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

#### Hoofartikel.....3

#### Die “verskuilde” boodskap van Jesus Christus

#### Tekens van die Wederkoms.....8

#### Het u dít wat benodig word?.....12

#### Is u voorbereid op vervolging?.....13

#### Beoefen dienende leierskap.....16

#### Verstaan die mens se leiding.....19

#### ’n Lewenswyse.....24

## Wêreld van Môre

### Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

### Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

### Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)  
Bruce Tyler (Australië)  
Gerald Weston (Kanada)  
Douglas S. Winnail (Europa)

### Nuusbuuro

June Olsen

### Strekskantore

#### VSA:

P.O. Box 3810  
Charlotte, NC 28227-8010  
Tel: (704) 844-1970  
Faks: (704) 841-2244  
[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALIË:

GPO Box 772  
Canberra, ACT 2601  
Tel: (07) 5546 0472  
Faks: (07) 5546 0768

#### KANADA:

P.O. Box 27202  
Toronto, Ontario, M9W 6L0  
Tel: (905) 671-3730  
Faks: (905) 671-9599

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767  
Auckland, New Zealand  
Tel/Faks: (09) 435 3592

#### FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774  
Makati City 1257, Philippines  
Tel: 63-2-813-6538  
Faks: 63-2-867-1569

#### BRITTANJE:

P.O. Box 9092  
Motherwell, ML1 2YD Scotland  
Tel/Faks: 44-1698-263-977

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016  
Harrismith, FS 9880  
Tel: 058 622 1424  
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die gratis verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God  
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Die “verskuilde” boodskap van Jesus Christus

Deur Roderick C. Meredith

Ek het in 'n algemene Protestante kerk grootgeword. Op een stadium was ek die *klasleier* van my Sondagskoolklas. My goeie maats, 'n groot groep ouens uit my buurt wat almal min of meer ewe oud was, het ook verskeie algemene kerke bygewoon en het sekerlik *geweet wat onderrig is*. Tog, soos ek terugdink na daardie jare, besef ek nou dat nie een van ons *ooit* geleer is wat die ware *doelwit* is van 'n ware Christen nie. Ons het wel baie liedere en deelnemende leesstof in ons kerk gehad. Ons is geleer van “Liewe Jesus in die krip”. Ons is geleer dat “Christus gesterf en opgevaar het na die hemel toe” en dat “Hy vir ons sondes betaal het”. Ons is egter nooit *werklik* geleer wat sonde is nie. Ons is nooit *werklik* vermaan om ons vurig te *bekeer* daarvan om God se wette te oortree en ons lewens ten volle oor te gee aan die God van die skepping deur Jesus Christus nie.

Die meeste van ons het kerk toe gegaan omdat dit “die ding was om te doen”. Ons het gehoor dat ons “hemel toe gaan” wanneer ons sterf. Ons het ook *baie* gehoor van die sosiale byeenkomste en aktiwiteite van die kerk en die nodigheid om oor die algemeen “goeie mense” te wees – hoewel vir geen

spesifieke rede anders as die hoop om hemel toe te gaan en niks in besonder te doen wanneer ons daar aankom nie. Daar was nooit, *ooit* enige melding gemaak van enige opwindende uitdaging of verantwoordelikheid wat ware Christene sou hê in die hiernamaals nie. Daar was *nooit* enige spesifieke preke oor die lewende Jesus Christus se terugkoms na die aarde as Koning van konings en wat dit sou behels nie.

Klink dit bekend?

In teenstelling sal u vind dat, wanneer u die Nuwe Testament noukeurig bestudeer, in die bladsye daarvan die kragtige, besielende **boodskap** is wat Jesus Christus en die Apostels voortdurend verkondig het. Daardie boodskap behels 'n opwindende “werk” wat op *alle* ware Christene wag met die Wederkoms van Christus. Is dit die boodskap wat duidelik en kragtig *in u kerk* verkondig word?

Die boodskap wat Jesus Christus van die hemel gebring het, behels Sy dood aan die kruis en Sy Messiasskap. Dit behels egter ook *soveel meer!* Jesus is deur God die Vader gestuur om 'n *boodskap* te bring oor God se plan om *Sy regering* op die aarde te vestig – onder Jesus Christus as Koning van

konings – wat absolute *vrede*, *voortgang* en stralende *vreugde* vir die **ganse** mensdom sal meebring. In Sy Koninkryk sal daar nie meer biljoene mense wees wat in smerigheid, verhongering, siekte en dikwels *vrees* lewe van menslike despote wat wreed oor hulle regeer nie.

Sou *u* die vreugde op die gesigte van hierdie *biljoene* onderdrukte mense oral oor die aarde wil sien?

*God sou!*

Dit is *waarom* die ware God beplan om Sy Seun na hierdie aarde te stuur – as verowerende Koning – om die gemors uit te sorteer wat die mensdom van die samelewing en regering hier op aarde gemaak het. Hy sal die siekes genees, die terneergedruktes vertroos en aan *alle* mense 'n *lewensdoel* en *vreugde* gee wat meer is as wat enige van hulle ooit ervaar het!

Die Goeie Nuus – die “Evangelie” van Jesus Christus – was hoofsaaklik oor hierdie groot **doel** wat ons Skepper in gedagte het en wat Hy *beslis beplan om te laat plaasvind*. Jesus het daarvan gepraat. Die Apostels het daarvoor gepreek en geskryf. Die profete het voortdurend *hierdie groot doel* as die uiteindelijke Plan van die grote God wat ons lewe gee, verkondig! Soos God se

geïnspireerde woord ons vertel: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Tog word hierdie Goeie Nuus egter selde bespreek of gepreek in algemene “kerkedom”. Dit is byna soos 'n “verskuilde” boodskap waarvoor baie groot kerklike organisasies skaam is.

### Die boodskap wat God gestuur het

Wanneer u die Bybel lees, is dit duidelik dat die *hoofstrekking* van God se boodskap aan die mensdom **nie** net die “kosbare bloed van Jesus Christus” is nie. Dit gaan **nie** net oor Jesus wat aan 'n kruis gehang het nie. **Beide** hierdie maak 'n noodsaaklike *deel* uit van God se boodskap. God se *hoofboodskap* – van voor tot agter in die Bybel – gaan egter oor hoe nodig dit is vir die mens om sy Skepper te **gehoorsaam** en voor te berei om onder Christus te dien, in die komende Koninkryk van God wat binnekort *op hierdie aarde* gevestig gaan word. Gehoorsame, bekeerde Christene, gevul met die Heilige Gees, sal dan vir alle ewigheid saam met God en Christus dien as *volle lede* van die Godfamilie.

Let hierop! Die ware Jesus van u Bybel het gekom en die boodskap van die Koninkryk van

God verkondig (Markus 1:14). Dit was *nie* 'n “donserige” evangelie oor 'n warm gevoel in jou hart of om net die *Persoon* van Christus te “aanvaar” nie. Dit was eerder oor die *Regering van God* wat binnekort kom wat ware vrede, voorspoed, gesondheid en geluk na hierdie siek en verwarde wêreld sal bring. Jesus vertel Sy dissipels: “En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my **koninkryk** en *op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel*” (Lukas 22:29-30). Die meeste hedendaagse leraars *laat* hierdie en ander soortgelyke, noodsaaklike skrifdele dwarsdeur die Bybel óf *heeltemal na* óf hulle probeer dit “weg vergeestelik”. Jesus het egter duidelik gepraat van 'n *letterlike* koninkryk of **regering** wat *hier op aarde* gevestig gaan word met Sy Wederkoms. Let op wat die apostel Johannes skryf toe hy geïnspireer is om Jesus se Wederkoms na die aarde te beskryf: “En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here” (Openbaring 19:15-16). Let daarop dat die terugkerende Jesus Christus oor die volke van **hierdie wêreld** gaan regeer –

**nie** oor mense in die hemel nie!

Lees ook die geïnspireerde “Lied van die Heiliges” wat in Openbaring 5:9-10 aangeteken is: “Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en *ons sal as konings op die aarde heers*”. Die ware heiliges van God gaan dus beslis saam met Christus **op die aarde** regeer. Daar is **nêrens** 'n enkele vers in u Bybel wat beloof dat dit die beloning van die heiliges is om “hemel toe te gaan” nie!

**Waarom** versuim die algemene kerke om hierdie kragtige boodskap oor die Koninkryk van God wat binnekort aarde toe kom te verkondig? **Waarom** dring hulle daarop aan om oor die *Persoon* van Jesus te praat en tog die kragtige **boodskap** wat Hy van die Vader gebring het oor 'n komende wêreldregering, byna *heeltemal na te laat*?

### Waarom?

Die apostel Paulus vertel ons baie duidelik dat dit die **doelwit** van die ware Christen is om deel te wees van daardie letterlike regering wat op hierdie aarde gevestig gaan word. “Weet julle nie dat *die heiliges die wêreld sal oordeel nie*? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korintiërs 6:2-3). In hierdie

skrifgedeelte vertel Paulus ware Christene duidelik dat ons moet voorberei om hierdie ganse aarde te “oordeel” of te **regeer**. Soos die apostel Johannes ons vertel: “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings **regeer** duisend jaar lank” (Openbaring 20:6).

*Wat 'n opwindende toekoms!*  
Wat 'n ontsagwekkende **doelwit** om na te streef! Watter wonderlike **rede** om God te dien, ons sondes te oorwin en om ons lewens *ten volle oor te gee*, om Christus toe te laat om in ons te woon en in ons die einste *karakter* van **God** te bou (verw. Galasiërs 2:20). Dan, en *slegs dan*, sal ons geskik wees om saam met Christus te regeer in Sy komende Koninkryk.

### Hoe Christenskap die spoor byster geraak het

Eenvoudig gestel, was die hoop van die vroeë Christene **nie** om “hemel toe te sweef” nie. Dit was die hoop om hul lewens ten volle aan God *oor te gee* – om ware **oorwinnaars** te wees – sodat hulle met die opstanding by Christus kon aansluit om *hierdie aarde te regeer* en *vrede* en *vreugde* na ons planeet te bring! Soos Jesus se geliefde vriend, die apostel Johannes, geïnspireer was om te skryf: “En aan hom wat **oorwin** en *my werke* tot die einde toe *bewaar*, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle **regeer** met 'n

ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het” (Openbaring 2:26-27). Ware Christene moet dus nie bloot net in die Persoon van Christus “glo” nie. Hulle moet hulle *ten volle oorgee* – ten einde Christus toe te laat om Sy gehoorsame lewe in hulle te leef deur die Heilige Gees. Die apostel Paulus verduidelik *ware* Christenskap soos volg aan ons: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20).

Tog het Satan die duiwel daarin geslaag om die vroeë Rooms-Katolieke “kerkvaders” te **mislei**. Satan het hul gedagtes *weggelei* van die Evangelie van die Koninkryk na kerk*politiek* en *mag*. Die vroeë Katolieke leiers het begin toegee aan die heidense gebruike en idees om hulle, ten einde meer heidense aanhangers vir hul Katolieke geloof oor te wen. Hulle het ook begin onderrig dat die Katolieke Kerk *self* die beloofde Koninkryk van God was. So was dit dan dat miljoene opregte maar misleide mense gevoel het dat hul hoof **Christendoel** was om mag en invloed binne die kerk self te soek. Dit word verduidelik in *The Story of the Christian Church*, deur Jesse Lyman Hurlbut wat skryf: “Die kerk en die staat het egter een geword toe Christenskap aangeneem is as die godsdiens van die ryk. Uit

hierdie onnatuurlike eenheid kom daar twee booshede te voorskyn; die een in die oostelike en die ander in die westelike provinsies. Die kerk word in die ooste oorheers deur die staat totdat die kerk alle energie en opheffende lewe verloor het. In die weste, soos ons sal sien, het die kerk haarself geleidelik wederregtelik mag oor die staat toegeëien en die gevolg was nie *Christendom* nie, maar 'n min of meer korrupte *hiërargie* wat die volke van Europa beheer en die kerk grootliks 'n politieke masjien gemaak het” (bl. 80).

Die kerk 'n “politieke masjien”? Hurlbut, Edward Gibbon en baie ander vooraanstaande geskiedkundiges stem saam dat, gedurende die tyd van Konstantyn en vir honderde jare daarna, die grootste deel van die belydende Christenkerk 'n politieke masjien geword het. Toe die Protestantse “herformers” gekom het, het hulle meestal die Katolieke rituele stelsel vervang met die aanbidding van die Persoon van Jesus Christus. Omdat hulle egter *hul hele lewens lank* in Katolisisme opgevoed is, kon hulle nie raaksien dat die ware Christendom van Jesus en die Apostels *soveel meer* behels het as die blote verering van Jesus nie. Dit behels 'n hele *leefwyse* wat ware Christene sal voorberei om “konings en priesters” te wees (Openbaring 5:10) wat *op hierdie aarde* onder Jesus Christus gaan regeer. Dit behels heelhartige

*gehoorsaamheid*, deur Christus wat in ons leef, aan *al tien* van die Tien Gebooie – *die einste wette wat van die ware heiliges van God verwag sal word om te onderrig en toe te pas in die komende Koninkryk van God!*

Dit is tog sekerlik beter om die Persoon van Christus te aanbid eerder as die een of ander afgod, *maar dit is nie genoeg nie!* Jesus Self roep uit: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46). In die Bergpredikasie verkondig Jesus: “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!” (Mattheus 7:21-23).

Maar is dit nie “wetties” nie?

Indien dit “wetties” is om die Tien Gebooie te *gehoorsaam* soos Jesus en die Apostels deurlopend onderrig het, laat dit so wees! Wat die misleide leraars wat hulle daarop beroep dat dit “wetties” is, egter glad nie verstaan nie, is dat hierdie *gehoorsame leefwyse* – deur Christus wat in ons leef – die einste **grondslag** is van die karakter wat God in ons wil bou, ten einde ons voor te berei om die soort konings en priesters te wees wat Hy in Sy komende

Koninkryk wil hê. Dit is waarom, byvoorbeeld, koning Dawid van antieke Israel, opgewek en in beheer van die Twaalf Apostels geplaas sal word. Koning Dawid was *nooit* betrokke in die sentimentele aanbidding van Jesus nie. Oral – “behalwe in die saak van Uria, die Hettiet” (1 Konings 15:5) – het Dawid God gehoorsaam en Sy wette onderhou, nie net getrou nie, maar ook *entoesiasties*. Soos Dawid uitroep: “Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag. U gebooie maak my wyser as my vyande, want hulle is myne vir ewig. Ek is verstandiger as al my leermeesters, want u getuienisse is my bepeinsing” (Psalm 119:97-99).

### **Die werklikheid van Christus se komende wêreldregering**

In 'n betreklik kort aantal jare sal Dawid weereens, onder Christus, koning wees oor die *ganse Israel* gedurende die komende Millennium. U Bybel onthul dat 'n *letterlike regering op hierdie aarde gevestig* sal word, met Jesus Christus wat vanuit Jerusalem regeer as Koning oor baie ander ondergeskikte konings. Die Bybel onthul dat die mense van Juda en die sogenaamde “Verlore Tien Stamme” onder koning Dawid se heerskappy *herenig* sal word: “En sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land. En Ek sal hulle

een volk maak in die land, op die berge van Israel; en een Koning sal vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie. En hulle sal hul nie meer verontreinig met hulle dreggode en hulle verfoeisels en met al hulle oortredinge nie; en Ek sal hulle verlos uit al hulle woonplekke waarin hulle gesondig het, en sal hulle reinig. So sal hulle dan vir my 'n volk wees, en Ek vir hulle 'n God wees. En my kneg Dawid sal koning oor hulle wees, en hulle sal almal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel. En hulle sal woon in die land wat Ek aan my kneg Jakob gegee het, waar julle vaders in gewoon het; ja, hulle sal daarin woon, hulle kinders en hulle kindskinders tot in ewigheid; en my kneg Dawid sal hulle vors wees vir ewig” (Esegiël 37:21-25).

Die Twaalf Apostels sal onder koning Dawid dien, elkeen in beheer van een van die individuele volke van Israel. Soos Jesus hulle vertel: “En dit is julle wat altyddeur by My gebly het in my versoeking. En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel” (Lukas 22:28-30).

Tesame met koning Dawid sal hulle hul onderdane onderrig en hulle lei in God se wet. “En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n

nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen” (Esegiël 36:26-27). God sal hulle werk seën en aan die hele wêreld “reën op sy tyd” stuur. Dan, met Christus in beheer, sal selfs die verwoeste dele van Israel weer welig en pragtig wees. “En die verwoeste land sal bewerk word, in plaas dat dit 'n wildernis is voor die oë van almal wat verbygaan. En hulle sal sê: Hierdie land wat verwoes was, het geword soos die tuin van Eden; en die stede wat in puin gelê het en verwoes en afgebreek was, is versterk en bewoon” (verse 34-35).

Jesaja skryf soos volg oor hierdie tyd wat binnekort kom: “Want uit Sion sal die **wet** uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspraak oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Jesaja 2:3-4). Dit sal 'n tyd van algehele *vrede en voorspoed* wees! Jesaja skryf van Christus se komende heerskappy: “Maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel ... Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg

nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seabodem oordek. En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Isai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlijk wees” (Jesaja 11:4, 9-10).

Jesaja beskryf die seëninge en prag van die komende Millenniale regering van Jesus Christus en Sy heiliges: “Die woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n narsing; dit sal lustig bloei en juig, ja, met gejuig en gejubel; die heerlijkheid van die Libanon is aan hom gegee, die sieraad van Karmel en Saron; hulle dáár sal sien die heerlijkheid van die HERE ... Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis” (Jesaja 35:1-2, 5-6).

Dit geld nie **net** vir die “Jode”, soos sommige mense verkeerdelik onderrig nie. Dit geld vir **al** die volke van die aarde! Let op Miga se geïnspireerde profesie: “En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom. En **baie nasies** sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in

sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. *Want uit Sion sal die **wet** uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.* En Hy sal oordeel tussen **baie volke** en regspraak vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie. Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van die HERE van die leërskaar het dit gespreek” (Miga 4:1-4).

### Die “verskuilde boodskap” nou onthul

Algemene “kerkedom” het hierdie kragtige boodskap verduister oor Jesus Christus wat in krag en heerlijkheid terugkeer om oor die volke te **heers**. Die nuus van hierdie opwindende uitdaging om **Christus by te staan in heerskappy oor hierdie aarde** is van die meeste belydende Christene weerhou. Hulle is bloot in die duister gelaat. Hulle word so bietjie vertel van Jesus se dood aan die kruis. Hulle word vertel dat nadat hulle Christus “aangeneem” of “hul harte aan Hom gegee het”, hulle op die een of ander vae wyse “hemel toe sal gaan” met bykans **niks** om daar te doen nie! Is dit een rede **waarom** kerkbywoning in die meeste “algemene” kerklike organisasies in onlangse jare drasties afgeneem het?

# Tekens van die Wederkoms

Deur Richard F. Ames

Bykans 2,000 jaar gelede het Jesus se dissipels Hom gevra wat die tekens van Sy wederkoms en die einde van hierdie eeu sal wees. Watter tekens en profetiese verloop van gebeure het Jesus in Sy antwoord vermeld? Ons moet weet wat die Bybel sê!

Deur die eeue, het baie mense voorspellings gemaak en datums gewaag in afwagting op Jesus Christus se Wederkoms. Tot dusver het almal misluk, maar beteken dit dat Jesus nie sal terug keer nie? Mense het vals profesieë geglo sedert Adam en Eva, maar Bybelprofesie is keer op keer geldig bewys! Die apostel Petrus was getuie van vervulde profesie toe hy die herrese Christus wie vir drie dae en drie nagte in die graf was gesien het. Petrus skryf: “En ons het die **profetiese woord** wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek” (2 Petrus 1:19-21).

Talle gedeeltes in beide die Ou en Nuwe Testamente voorspel Jesus Christus se Wederkoms. Kyk na wat Jesus Self sê: “Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo

ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Johannes 14:1-3).

Waarom glo so baie mense nie Jesus se eie woorde nie? Hy sê dat Hy weer sal kom. Die profeet Sagaria vertel ons selfs *waarheen* Hy sal terug keer: “En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide” (Sagaria 14:4).

Die Olyfberg is net oos van die Tempelberg in Jerusalem. Op die suidoostelike hang is 'n ou pad wat na die dorpie Betanië lei. Jesus het daar tyd deurgebring met Maria, Martha, Lasarus en Sy dissipels. Ek en my vrou het daardie selfde pad vanaf Betanië na die Olyfberg gestap. Dit het ons sowat 'n halfuur geneem.

Wanneer Jesus terugkeer na

die Olyfberg, sal daar 'n ontsaglike aardbewing wees, en die berg sal in twee skeur. Let op die bepaalde tyd. “Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem! Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem” (Sagaria 14:1-2). Die wêreld se leërs sal by Megiddo saamtrek en aftrek na Jerusalem om teen Christus te veg met Sy Wederkoms. Openbaring 16:14 noem dit “Die oorlog van daardie groot dag van die Almagtige God” – meer algemeen bekend as “Armageddon”.

Die boek Handeling bevestig ook die Wederkoms. In Handeling 1 aanskou die dissipels Jesus se hemelvaart. “En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het. Daarop draai hulle om na Jerusalem van die berg af wat genoem word Olyfberg, wat naby Jerusalem is, 'n



sabbatsreis ver” (Handelinge 1:10-12).

Hier het ons drie duidelike skrifverwysings na die Wederkoms van Christus gesien – en daar is vele meer. Onthou die aankondiging van die sewende basuin: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Let ook op hierdie gedeelte uit Openbaring 19: “En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here” (Openbaring 19:13-16).

Jesus sê dat, vals gelowe, vals tekens en wonders wat baie mense sal mislei, Sy Wederkoms sal voorafgaan. Hy maak hierdie stelling: “Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei” (Mattheus 24:24). Daar sal

kragtige godsdienismisleidings wees. Nie net 'n paar mense nie, maar **baie**, sal deur vals godsdienis en selfs deur 'n vals Christendom mislei word.

### Is u mislei?

Hoe kan u weet wat die waarheid is en wat nie? U behoort ons – en alle leraars – te toets deur u Bybel te lees! In gebed tot die Vader sê Jesus: “Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid” (Johannes 17:17). God se Woord, die Bybel, is die waarheid. Baie mense aanvaar goedsmoeds dat hul leraar of priester uit die Bybel preek, maar baie leerstellings wat algemeen “as vanselfsprekend aanvaar word” is nie in u Bybel nie! U moet aan *uself bewys* wat die Bybel sê. Onthou: “Beproof alle dinge; behou die goeie” (1 Thessalonicense 5:21).

U hoef nie mislei te wees nie. Jesus self het die profetiese tekens en verloop van gebeure gegee wat Sy Wederkoms sal voorafgaan. U moet desnoods weet wat dit is. Een van die tekens wat Christus se Wederkoms voorafgaan is die totstandkoming van 'n groot vals geloof met baie mag. U kan in Openbaring 17 van hierdie stelsel, genoem “Die Groot Hoer” lees. Die vals profeet waarvan die apostel Paulus gepraat het, sal hierdie stelsel lei. U kan in 2 Thessalonicense 2:3 van die “man van sonde” lees. Vir verdere inligting, kan u inskryf vir u **gratis** eksemplaar van ons boekie, *Wie of wat is die*

### Antichris?

Nog 'n bepaalde teken waarvoor Jesus sê ons moet voor uitkyk is die toekomstige ontheiliging van die heilige plek in Jerusalem. Slaan Mattheus 24:15 in u Bybel na. Dit is belangrik! Jesus sê: “Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet – dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug” (Mattheus 24:15-16). Let daarop dat die groot vals profeet, die man van sonde, die tempel van God sal ontheilig. Hierdie “gruwel van verwoesting” is een van die tekens wat Jesus sê Sy Wederkoms sal voorafgaan.

Watter ander tekens sal die Wederkoms voorafgaan? Jesus waarsku ons in Mattheus 24:7 dat daar “aardbewings op verskillende plekke” sal wees. Miskien voel u veilig omdat u stad of omgewing nie 'n geskiedenis van aardbewings het nie. In 'n voorbladartikel van 'n *Time*-tydskrif herinner skrywer George J. Church ons: “Aardbewings is onvoorspelbaar. Hulle slaan bykans sonder uitsondering toe op tye en plekke waar niemand dit verwag nie, en geen skudding is presies dieselfde as 'n ander nie” (30 Januarie 1995).

Hoe kragtig kan aardbewings wees? Die geskiedkundige Mississippivallei aardbewing op 16 Desember 1811 naby Niew Madrid, Missouri, het as't ware die loop van die Mississippirivier

omgekeer! Die reeks skuddings het na raming 'n omvang van 8.6, 8.4 en 8.8 onderskeidelik gehad. Soos die *Time Almanak 2001* sê: “Sover bekend is dit die grootste reeks aardbewings nog wat in Noord Amerika voorgekom het” (bl. 614).

Sal daar selfs ernstiger aardbewings in die toekoms wees? Openbaring meld verskeie aardbewings. Na twee en 'n half jaar van die Groot Verdrukking waarvan Jesus in die Olyfbergprofesie praat, lei die sesde seël van Openbaring die Dag van die Here in. Ek hoop u kan die onderwerp met behulp van ons audiokassette en artikels bestudeer. Blaai in u Bybel na Openbaring 6:12. Hier word die sesde seël, oftewel die hemelse tekens beskryf. Let op wat gebeur. “En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed” (Openbaring 6:12).

Hierdie aardbewing tesame met die ruimte verskynsels lei die Dag van die Here in – die jaar wat Christus se Wederkoms voorafgaan. “En die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die

magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?” (Openbaring 6:13-17). Ja, die aarde sal in wanorde wees gedurende die Dag van die Here, hier beskryf as: “Die groot dag van Sy toorn”. Hierdie sal 'n tyd van God se oordeel oor die nasies wees.

Nog 'n belangrike neiging op ons veranderende planeet is die vooruitsig van toenemende vulkaniese uitbarstings. Een tydskrif het 'n glansartikel getitel, “Vulkane met 'n houding” gepubliseer (*Time*, 24 Februarie 1997). Die artikel beklemtoon verskeie gevaarpunte byvoorbeeld Berg Pinatubo in die Filippynse Eilande, “El Popo” (Berg Popocatepetl) naby Mexiko stad, Berg Rainier in die staat Washington, die Indonesiese ketting van minstens 127 aktiewe vulkane en Italië se Vesuvius wat in 1631 verwoesting gesaai het. Honderde vulkane is gegroepeer om die welbekende “Ring van Vuur,” 'n tektoniese aktiewe streek om die Stille Oseaan. Sal hierdie vulkane bloot uitsterf of sal hulle aktief word tot die punt waar hulle ons hele omgewing ontwrig? Die *Time* artikel haal die hoofwetenskaplike van die Amerikaanse Geologiese

Vereniging se Vulkaan-gevaarprogram, Robert Tilling aan. Hy waarsku: “Eendag sal een van hierdie berge op 'n groter skaal uitbars as wat die mensdom nog ooit aanskou het”. Dit klink beslis apokalipties.

### God se waarskuwing

Let op wat God sê met die aarde en die hemel gaan gebeur. Die skrywer van Hebreërs gelas: “Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as hulle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek. Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe. En hierdie woord: nog een maal, wys duidelik op die verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, sodat die onwankelbare kan bly. Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. Want onse God is 'n verterende vuur” (Hebreërs 12:25-29).

Ons Vader in die Hemel wil net die beste vir elkeen van ons hê. Hy gee die vleeslike mens 6,000 jaar – en vir elkeen van ons afsonderlik 'n leeftyd – om te leer. As ons op God se waarskuwings agslaan, kan ons die aakligste oordele vryspring wat nog op die Westerse nasies en uiteindelik die hele wêreld,

voltrek sal word.

Nog 'n neiging waaroor die Bybel ons waarsku, is droogte. Wêreldtemperatuur skommel drasties. Meer as 10,000 mense het verlede somer in Frankryk gesterf as gevolg van 'n ongekende hittegolf. Sal ons verlengde droogtes in die Verenigde State, Kanada, Groot Brittanje, Australië en Nieu-Seeland sien? Tensy ons onself heelhartig tot God wend, sal ons swaar gestraf word. God, die Skepper, gee hierdie waarskuwing deur die profeet Amos: "Alhoewel Ék die reën van julle teruggehou het toe dit nog drie maande voor die oestyd was en op die een stad laat reën maar op die ander nie laat reën het nie, die een stuk land reën gekry het, maar die ander waarop geen reën geval het nie, verdor het; en twee, drie stede na een stad geslinger het om water te drink sonder om die dors te les – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE" (Amos 4:7-8).

Ongelooflik soos dit mag blyk, leer sommige kerkgenootskappe nou dat die "laaste dae" waarna die Skrif verwys "twee jaar, tweeduisend jaar of tweemiljoen jaar" kan duur. Dikwels is die bedoeling: "Moenie Bybelprofesie bestudeer nie, dis net 'n afleiding". Sulke stellings ignoreer die blote bevel van ons Saligmaker. Net nadat

Christus praat oor Sy Wederkoms, sê Hy die volgende: "En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, **dat dit naby is**, voor die deur". Jesus beveel al sy ware volgelingen om kennis te dra van hierdie tekens. Hy het gesê: "Wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur" (Mattheus 24:32-33).

Ja, daar was nog altyd spotters, maar *nou* is die tyd om wakker te word en ag te slaan op wat in die wêreld aangaan. God het met die profeet Eségiël gepraat oor die twyfelaars en spotters. "Mensekind, wat is dit vir 'n spreekwoord wat julle het in die land van Israel, naamlik: Die dae gaan voort, en van al die gesigte kom niks nie" (Eségiël 12:22). Wat sê God van die mens se ongelowigheid? "Daarom, sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Ek maak 'n einde aan hierdie spreekwoord, sodat hulle dit nie meer as spreekwoord in Israel sal gebruik nie. Maar sê vir hulle: Die dae is naby, en die woord van elke gesig" (Eségiël 12:23).

Die tyd kom dat God meer dramaties as ooit tevore tussenbeide sal tree. Wetenskaplikes, staatsmanne en wêreldleiers het ons gewaarsku teen die baie gevare

wat lewe op aarde kan beëindig. Daardie waarskuwings het nie van godsdienstige mense gekom nie, maar van deskundiges wat vertrou is met die werklikhede van ons moderne wapentuig van massa verwoesting en die geskiedenis van die mens se aard. Die belangrikste waarskuwing kom egter van die Saligmaker van die wêreld, Jesus Christus. Hy sê: "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Mattheus 24:21-22).

Dank God dat daardie dae verkort sal word. Jesus Christus sal terugkeer om die mensdom van selfvernietiging te red. Hy sal die Koninkryk van God op aarde binnelei. Alle nasies sal uiteindelik die ware weg na blywende vrede, voorspoed en versoening aanleer. Jesus beveel ons: "Waak dan en bid altyddeur" (Lukas 21:36). Mag ons almal geestelik paraat wees vir die tekens van die Wederkoms. Dan kan ons met vertroue, hoop en geloof na die Wederkoms uitsien. Dank God dat Sy Koninkryk kom. Dank God dat Jesus Christus eersdaags sal terugkeer om ons te red! §

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

# Het u dít wat benodig word?

Deur Gerald Weston

Het u dit wat benodig word om 'n Christen te wees? Is u seker? Volgens Jesus Christus Self is dit nie so maklik om 'n Christen te wees as wat sommige mense wil voorgee nie.

'n Ryk, jong heerser het Jesus gevra: "Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?" Jesus se reaksie was doelgerig en op die man af deur aan hom te sê "as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie" (Mattheus 19:16-17).

Die jongman vra Hom toe "watter" gebooie hy moet onderhou. "En Jesus sê – dit: Jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie egbreek nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie; eer jou vader en moeder; en: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (verse 18-19). Jesus het God se wet van liefde beskryf: die Tien Gebooie.

Jesus verduidelik toe aan die jongman dat hy steeds 'n vals god in sy lewe het: "As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My" (vers 21). Deur daardie een "goeie ding" te doen, kon die ryk jong heerser sy vals god afsweer en werklik begin om die gebooie te onderhou. Hy was egter onwillig om dit te doen en het weggegaan.

Wat sou u gedoen het indien

u in die skoene van daardie jong heerser gestaan het? Wat sou u bereid wees om prys te gee? Nog belangriker, wat is u *vandag* bereid om prys te gee ten einde 'n dissipel van Christus te wees? Of, vanuit 'n ander oogpunt beskou, wat is u *onwillig* om prys te gee? Plaas u enigiets in u lewe voor God?

Jesus sê: "As iemand na My toe kom en hy haat [minder liefhê in vergelyking] nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie" (Lukas 14:26).

Ja, om 'n dissipel van Christus te wees, kan jou uit pas laat wees met jou familie en die wêreld. U mag dalk nie besef nie dat wat die meeste mense "Christelikheid" noem, verwyder is van die Christelikheid van die Bybel. Die bekende filosoof, Soren Kierkegaard, het eenkeer gesê: "Die Christelikheid van die Nuwe Testament bestaan eenvoudig nie. Deur die eeue heen het miljoene mense God geleidelik uit Christelikheid gekul en daarin geslaag om Christelikheid presies die teenoorgestelde te maak van wat dit in die Nuwe Testament is".

Deur die eeue heen, deur die een klein verandering na die ander, het die mense die Christelikheid van die Bybel

vervang met 'n geloof wat baie weerspreek van dit wat die Verlosser geleer het. Jesus sê: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie" (Mattheus 5:17), maar baie mense vandag sê egter dat Jesus weggedoen het met Sy Vader se swaar gebooie deur dit met liefde te vervang. Die Bybel sê egter: "Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar. Want dit is die liefde tot God dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie" (1 Johannes 5:2-3).

Kierkegaard was egter verkeerd. Die Christelikheid van die Nuwe Testament bestaan *wel nog*. Dit word egter nie aangetref by die wêreld se groot en gewilde kerkgenootskappe nie. Daar is steeds mense wat die Christelikheid van Christus en die Apostels aktief uitleef. Hulle loop nie in geslote-gelid met hierdie wêreld se "Christelikheid" nie. Hulle volg die Bybel – die geïnspireerde Woord van God – om te leer en te leef volgens die leerstellings en gebruike wat Christus en die Apostels nagelaat het. Het u, soos hulle gehad het, wat dit vat om Jesus Christus eerste te stel, selfs al bring dit u in onguns met die wêreld? Het u dit wat benodig word om 'n ware Christen te wees? §

# Is u voorbereid op vervolging?

Deur Roderick C. Meredith

Hoe sterk is *u* werklik geestelik? Met die toenemende haat en geweld teen Amerika en sy bondgenote regoor die wêreld, moet ons onself versterk vir die moeilike tye wat voorlê. Namate God se Werk groei en ons impak op hierdie Godverwerpende wêreld toeneem, sal *godsdienstvervolging* 'n toenemend beduidende rol in ons lewens speel. Nadat Hy die eindtyd oorloë, aardbewings, hongersnood en siekte-epidemies beskryf het, sê Jesus: “Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnood wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte. Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei” (Mattheus 24:7-11).

Sal *u*, wanneer dinge moeiliker raak, een van daardie mense wees wat wegdraai na 'n skynbaar makliker weg – moontlik beïnvloed deur die een of ander vals prediker? As ons

wat God se ware diensknepte is, “deur **al** die nasies **gehaat**” gaan word, sal dit maklik wees om ontmoedig te word. Dit sal net natuurlik wees om 'n *maklike uitweg* te soek!

Die ware Filadelfiërs sal egter êrens op hierdie aarde wees (sien Openbaring 3:7-13) wat sal vashou aan wat hulle geleer het (vers 11) en ywerig deur die “geopende deur” sal gaan om die evangelie aan die wêreld te verkondig. Om deel van hierdie “klein kuddetjie” te wees, mag vir baie mense na die onwaarskynlikste plek lyk om te wees, aangesien die lede van daardie klein kuddetjie tot 'n groot mate teenstand en vervolging van hierdie wêreld en sy *godsdienstleiers* sal ondervind – net soos Jesus, Petrus en Paulus ondervind het.

Jesus Self waarsku: “En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liever gehad as die lig; want hulle werke was boos. Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie” (Johannes 3:19-20).

Ons in die Kerk van God het die geleentheid en verantwoordelikheid om die Waarheid met krag te verkondig. Daardie Waarheid – die “lig” –

sal groot gedeeltes van hierdie huidige samelewing *vertoorn*! Ons sal hartstogtelik preek oor die dringendheid om die God van die Bybel te **gehoorsaam** en om *al tien* van die Tien Gebooie te onderhou – insluitend God se heilige Sabbat. Af en toe sal ons besonder afskuwelike sondes van die wêreld moet uitwys – soos die beoefening van seksuele verdorwenheid (Romeine 1:24-27). Ons sal ook voortdurend ons stemme verhef soos God beveel het: “Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n **basuin**! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle **sondes**” (Jesaja 58:1).

Dus sal ons 'n “sekte” genoem word. Ons sal gesamentlik en individueel uitgesonder word vir smaad en vervolging.

Daarom, geagte lesers, sal ons waarlik moet “leef van die Bybel” en opreg na aan God wees in aktiewe gehoorsaamheid en lewende geloof. Ons moet altyd Jesus se eie woorde onthou: “Salig is julle wanneer die mense julle haat, en wanneer hulle julle verstoot en beledig en jul naam weggooi soos iets wat sleg is, ter wille van die Seun van die mens. Wees

bly in daardie dag en spring op, want kyk, julle loon is groot in die hemel, want hulle vaders het net so aan die profete gedoen” (Lukas 6:22-23).

B u i t e n h i e r d i e *godsdienstvervolging*, sal ons – soos ook ons landgenote – geraak word deur die toenemende boosheid, afguns en selfs haat wat miljoene meer mense teenoor die Verenigde State, Brittanje en hul bondgenote voel. Soos die meeste van u weet, maak die radikale Moslems van die hele Midde-Oosterse konflik 'n oorlog tussen die ganse Arabiese wêreld en Amerika met sy bondgenote. Die *Charlotte Observer* (21 Augustus 2003) beskryf die reaksie op die vragmotorbom wat die Verenigde Nasies se hoofkantoor in Bagdad vernietig het soos volg: “'Die VERENIGDE NASIES is slegs 'n marionet van die VSA en enigeen wat vir die VSA kwaad is, is geneig om die VERENIGDE NASIES as 'n teiken te oorweeg'. Die feitelike Iranse koerant *Kayhan* was selfs meer op die man af met dié voorbladopskrif: 'Vernietiging en slagting die gevolg van Bush se beleid in Irak'. Regdeur die Arabiese wêreld, sowel as Iran, was die bombardering toegeskryf – stilswyend of uitdruklik, afhangend van wie gepraat het – aan die gevolg van 'n foutiewe Amerikaanse besetting, 'n inherente uitgroei van die onverdedigbare onbestendig-

heid in Irak. Verder voer baie Arabiere aan dat die Amerikaanse inval die Verenigde Nasies in gevaar gestel het deur hulle as irrelevant af te maak”.

Uiteindelik blyk dit dat God die onlangse oorlog in Irak – *en die nadraai daarvan* – gebruik om die proses te begin om Amerika se krag en aansien waarlik te “breek” (Levitikus 26:19). Hierdie proses kan nog etlike jare duur. Hierdie profesie in Levitikus dui voorts aan dat ons deur droogte en hongersnood getref gaan word. Voedselvoorrade gaan skaars word en wanneer hulle besef dat *algehele verhongering* selfs in die Verenigde State, Brittanje, Kanada, Australië en Suid-Afrika dreig, sal paniek by die algemene publiek ontstaan wat vantevore as 'n nasie ongewoond was aan ontberings! Daarna sal die afskuwelike *siekte-epidemies* volg wat ons samelewing tot in sy fundamente sal ruk (vers 20, vergelyk Mattheus 24:7).

Namate tallose miljoene mense in ons voorheen gegoede samelewing gaan skarrel om genoeg te ete te kry en dan na desperaatheid gedryf word deur die “ongeneeslike” siekte-epidemies en plaë wat begin toeslaan, hoe “gewild” dink u gaan ons waarskuwings wees? Mense gaan ons voorspelling van God se komende toorn – *ongeag hoe akkuraat* – sien as 'n “aanval” op hulle en hul beskermende leefwyse. *Hoewel* ons eie *bedoeling* sal wees om hulle, in

liefde, 'n opregte *waarskuwing* te gee om hulle te beskerm teen toekomstige rampspoed, sal die oorgrote meerderheid van mense nie hul sondes wil erken nie en hulle sal die waarskuwing woedend verwerp. In plaas daarvan sal hulle, soos mense byna altyd doen wanneer hulle met slegte nuus gekonfronteer word, “die boodskapper aanval”.

J e s u s w a a r s k u d i e godsdiensteilers van Sy tyd kragtig: “Slange, addergeslag, hoe sal julle die oordeel van die hel ontvlug? Daarom, kyk, Ek stuur profete en wyse manne en skrifgeleerdes na julle toe, en julle sal sommige van hulle doodmaak en kruisig en sommige van hulle in jul sinagoges gésel en van die een stad na die ander vervolg” (Mattheus 23:33-34). Jesus sê ook: “Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard” (Mattheus 10:34).

*Hoe* moet ons as ware Christene onself dan voorberei op hierdie komende vervolgings en moeilike tye?

Eerstens moet ons die gedagtegang bou wat Jesus in Mattheus 10 verduidelik. Let veral op verse 38-39: “En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie. Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind”. Deur Christus in ons, moet ons onself verstandelik en geestelik voorberei om deur beproewings, toetse en vervolgings te gaan wat die

Nuwe Testament duidelik aandui op gelowige volgelinge van Jesus Christus gaan kom. Ons moet *mediteer* en *bid* daarvoor of ons probeer om ons lewens – *ons uiteindelijke vervulling* – in hierdie huidige wêreld te “vind” en of ons waarlik gewillig is om ons lewens te “verloor” vir die Christus wat vir ons gesterf het. Intussen moet ons onself afvra of ons die verbintenis tot God *demonstreer* deur *werklik* die apostel Paulus se geïnspireerde opdrag aan alle Christene te volg: “Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n **lewende**, heilige en aan God welgevallige **offer** – dit is julle redelike godsdiens. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is” (Romeine 12:1-2).

Laat ons onself afvra: “*Hoe*

**gee** ek waarlik my lewe vir God? Probeer ek *alles uithaal* deur my *tyd, talente, krag* en *hulpbronne* tot diens van God en Sy mense te gee deur Sy Werk te help en te dien? Ons het almal verskillende maniere waarop ons tot diens kan wees. God weet dit en Hy sal elkeen van ons seën – *vir alle ewigheid* – tot die mate waartoe ons ons lewens aktief aan Hom oorgee om te dien en op te offer volgens ons vermoëns. Soos Jesus sê: “En elkeen aan wie veel gegee is, *van hom sal veel gevorder word*; en aan wie hulle veel toevertrou het, van hom sal hulle oorfloediger eis” (Lukas 12:48).

Elkeen van ons moet – deur “met God te wandel” in gereelde Bybelstudie, vurige gebed, meditasie, opregte diens en opoffering – ook toeneem in die lewende **geloof** wat ons sal benodig gedurende die beproewings wat voorlê. God verklaar: “En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag;

want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek” (Hebreeërs 11:6). God se Woord sê ook vir ons: “Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?” (Romeine 8:31-32).

Daar is dus geen goeie rede vir **enigeen** van ons om moedeloos te word of om “afvallig” te raak nie. Almal van ons behoort egter noukeurig – voortydig – na te dink oor die beproewings, toetse en versoekings wat ons beslis gaan tref en wat ons reaksie daarop sal wees. Dan behoort ons God dadelik te smee vir meer van Sy Gees en leiding ten einde *ons deel* te doen om die *geloof* en *moed* te bou wat ons beslis sal benodig in die gevaarlike jare net om die draai. §

## Verstaan die mens se lyding (Vervolg vanaf bladsy 23)

Paulus verseker egter die mense in die Kerk, selfs in hierdie bese tydperk “dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk” (Romeine 8:28).

Daarby het die Kerk die bemoediging dat hulle weet dat daar 'n besliste hoop vir die wêreld is. “Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die

waters die seebodem oordek” (Jesaja 11:9). God beloof dat die dag kom dat Hy sal ingryp met 'n “ysterhand” om Sy Koninkryk te vestig en die mensdom van homself te red.

Paulus skryf: “Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam

met Hom verheerlik kan word. Want ek reken dat die lyding van die te en wordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie. Want die skepping wag met reikhalssende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God” (Romeine 8:16-19).

Selfs al ly die wêreld, het die Kerk nou die seën van God se leefwyse en 'n besliste belofte vir die toekoms. §

# Beoefen dienende leierskap

Deur Roderick C. Meredith

Een van die grondbeginsels van die Lewende Kerk van God se opdrag is: "Onderrig en beoefen dienende leierskap in hoe ons met ander mense omgaan". Soos u mag onthou het ek hierdie sewe onderafdelings in detail in die Mei-Junie 2001 uitgawe van die *Living Church News* uiteengesit.

*Doen ons dit egter?*

In ons vorige kerkverbintenissen was sommige (**nie die meeste nie!**) van die leraars geneig om aanmatigend op te tree. Hulle het dikwels dat die diakens en ander mense hulle bedien deur hul kinders op te pas, hul gras te sny, hul huise skoon te maak, ens. Hulle het ook dikwels nie werklik geluister wanneer iemand 'n probleem met hul benadering gehad het of daarvoor besorg was nie. 'n Paar van hierdie leraars was bekend daarvoor dat hulle enigeen streng sou tereg wys "wat in hulle pad kom". Soms was hulle "klein diktators"!

Dan was daar die "super diakens" – weereens 'n klein *minderheid*, maar nogtans bekend. Hulle was ook aanmatigend en baasspelerig – hulle het gedurig die groot "gesag" wat hulle as diakens gehad het, vertoon. Sommige van die lidmate het dus gevoel dat die leraar/diaken rangorde te

streng was en dat hulle nie 'n opregte *dienende* gesindheid gehad het nie; dat selfs van die ouer lede dikwels onvriendelik en ongevoelig opgetree het teenoor nuwer of fyngvoelige lidmate.

Die apostel Paulus is geïnspireer om ons te vertel: "Op ons wat sterk is in die geloof, rus die verpligting om die swakhede te verdra van dié wat nie sterk is nie. Ons moenie aan onself dink nie: elkeen van ons moet aan ons naaste dink en aan wat vir hom goed is en wat hom in die geloof kan opbou" (Romeine 15:1-2, NV). As *enigeen* van ons in 'n gesagsposisie in die kerk geplaas word, moet ons altyd onthou dat dit is om **te dien**, *nie* om te wys hoe belangrik ons is nie. Ons moet onthou om gereeld te lees en na te dink oor Jesus se opdrag hieroor aan Sy dissipels. Na dat Jesus 'n gesindheid van selfverheffing en wedywering onder sommige van Sy dissipels bemerk het, het Hy hulle na Hom geroep en aan hulle gesê: "Julle weet dat dit by die nasies so is dat die regeerders oor hulle baasspeel, en dat die groot manne die mag oor hulle misbruik. Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle **dienaar** wees; en elkeen wat onder julle die eerste

wil wees, moet julle **slaaf** wees. So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om **te dien** en sy lewe te gee as losprys vir baie mense" (Mattheus 20:25-28).

Die gesindheid en benadering van **diens** moet dus getoon word in ons omgang met ander mense. Elkeen van ons in *enige* posisie moet daardie posisie probeer gebruik as 'n geleentheid – **nie** om onself te verhef **nie** – maar om werklik te help, aan te moedig, te versterk en ons medelidmate te *dien*. Dit sal dikwels behels dat ons *geduld* en *nederigheid* aan die dag moet lê wanneer diegene wat ons dien, ons soms teëgaan, soms "te fyngvoelig is" of probeer om ons op die een of ander manier te ondermyn. *Ongelukkig, lesers, sal die menslike natuur altyd met ons wees!* Ons moet egter leer om opreg te luister na ander en probeer om te reageer op enige redelike voorstelle en om selfs te leer by diegene virwie ons dien.

Jesus Christus sê die tweede groot gebod is: "*Jy moet jou naaste liefhê soos jouself*" (Mattheus 22:39). Ons moet voortdurend oor hierdie gebod nadink as ons ware Christene wil wees. Indien enige van ons in gesagsposisies is, moet ons



veral probeer om sensitief te wees vir die potensiaal, planne, hoop en drome van diegene wat onder ons werk. Ons moet hulle probeer aanwend na die maksimum van hulle menslike potensiaal vir die doel ophande. Terselfdertyd moet ons hulle ook probeer help en opvoed as mense – hulle nie net “misbruik” om 'n werk te doen om iets gedoen te kry wat *ons* gedoen wil hê nie. Ons moet probeer om soos hulle te dink sodat ons kan verstaan hoe *hulle* dink – wat hul probleme tuis is, hul gesondheidsp probleme, hoe hulle met hul medewerkers en toesighouers oor die weg kom en hul uiteindelijke doelwitte betreffende hul loopbane. Ons moet probeer om hulle na die beste van ons vermoë te help om hul verwagtings en soos reeds genoem is, hul menslike potensiaal te verwesenlik.

As ons dus “belangrik” genoeg is om in 'n posisie van leierskap te wees, beter ons leer om “groot” genoeg te wees om al hierdie dinge *te deurdink* en te probeer om diegene wat ons bystaan, te *dien*! Jesus sê weer: “Dit is saliger om **te gee** as om te ontvang” (Handelinge 20:35). Lesers, as ons opreg probeer om onself vir ander **te gee** – om ons lewens af te lê vir ons medemens – sal ons altyd neig om **dienende leierskap** in ons verhouding met ander te weerspieël. As ons inderdaad hul “leier” is in die sin dat ons in beheer is van die een of ander projek of komitee of moontlik 'n diaken, diakones of ouderling in

die Kerk is, moet ons altyd ons verantwoordelikheid benader met dié gedagte: “Hoe kan ek ten beste gee en die mense **dien** wat saam met my gaan werk aan die projek ophande?” In alles wat ons doen, moet ons *Jesus Christus weerspieël* – die einste Een wat Homself en selfs Sy lewensbloed vir elkeen van ons **gegee** het!

Jesus sê: “'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het” (Johannes 13:34-35). Hierdie *teken* van ware *liefde* en *diens* aan mekaar, moet weerspieël word hetsy ons “in beheer” is van 'n projek en ander lei, óf “onder” die gesag van iemand anders is. Ons moet in ieder geval probeer om mekaar te help en te ondersteun tot die beste van ons vermoë en om mekaar opreg **te dien** – asof ons Christus dien.

Om die interaksie met mede-Christene te ervaar in God se Kerk – wat *Christus se liggaam* is – en te leer om per geleentheid leiding te neem en verantwoordelik te wees vir die handeling van ander mense, is deel van ons opleiding om konings en priesters in Christus se komende Koninkryk te wees. Die apostel Paulus vertel ons: “Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal

oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge? As julle dan alledaagse regsake het, moet julle dié persone daarvoor laat sit wat in die gemeente die minste geag word. Ek sê dit tot julle beskaming. Is daar dan nie eens een wyse onder julle, wat uitspraak sal kan doen tussen sy broeders nie?” (1 Korintiërs 6:2-5).

Ons moet leer om behoorlik en regverdig onderskeid te tref in verskillende situasies sover dit ons wisselwerking met ander mense betref. Ons moet God voortdurend vra om ons *wysheid* te gee en ons te help om onpartydig en regverdig te wees. Ons moet die *insetting* van God in die Ou Testament bestudeer. Ons moet beslis ook die leringe en voorbeelde van Christus en die Apostels bestudeer en daarvoor mediteer soos hulle God se wet in die Nuwe Testament *uitbrei*. Dan kan ons, met God se hulp, leer om die situasies waarvoor ons in die Kerk en in die Werk van God te staan kom, regverdig te oordeel. **W e e r e e n s**, moet ons benadering in alles egter een wees van **diens** in die vrees van God.

Aangesien ons *almal*, mits ons waardig geag word, uiteindelik konings en priesters in die Koninkryk van God gaan wees, moet elkeen van ons die *beginselfs* van die apostel Petrus se opdrag aan die ouderlinge toepas. Ons gaan *baie meer* as menslike ouderlinge wees wanneer ons konings in God se Koninkryk word. God inspireer

Petrus om te skryf: "Ek vermaan die ouderlinge onder julle, ek wat 'n mede-ouderling en getuie van die lyde van Christus is, wat ook 'n deelgenoot is van die heerlijkheid wat geopenbaar sal word: Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde. En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlijkheid ontvang. Net so moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees; en wees almal met ootmoed bekleed in onderdanigheid aan mekaar, want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan

die nederiges gee Hy genade" (1 Petrus 5:1-5).

U sal opmerk dat een in bevel – 'n "herder" – met gewilligheid, eerlikheid en *nederigheid* moet dien. Hulle moet **nie** "heersers" wees oor diegene wat aan hulle sorg toevertrou word nie. In alle dinge moet hulle "voorbeelde" vir die kudde wees. Elkeen van ons, hetsy lesers, lidmate of leraars, moet hierdie beginsels op *onsself* van toepassing maak. Ons moet ook beslis Petrus se opdrag in vers 6 volg: "**Verneder** julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd".

In al hierdie dinge sal ons van tyd tot tyd foute maak. Die *menslike natuur is steeds met ons!* Ons moet mekaar dus

voortdurend langs die weg **vergewe** op 'n openlike en innige, opregte manier – **nie** griewe of kwade gevoelens oor foute van die verlede rondra nie. Nogtans moet elkeen van ons in *enige* posisie van gesag of leierskap ons verantwoordelikhede probeer nakom in die vrees van God en met 'n gesindheid van diepe *liefde* en opregte *diens* aan diegene wat saam met ons werk of onder ons leierskap staan in die projek ophande.

Laat ons almal leer om Jesus Christus op hierdie manier te weerspieël. Laat ons almal leer om opreg te groei in **dienende leierskap** en dit **uit te leef** tot die eer en heerlijkheid van die God wat ons dien en die Verlosser wat Homself vir ons gegee het. §

# Wêreld van Môre

## Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

Skryf aan: Lewende Kerk van God  
Privaatsak X 3016  
Harrismith, FS  
9880

of skakel : 058 622 1424  
en vermeld dat u navraag doen  
na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus

Hierdie kursus, soos ook al ons ander publikasies, word gratis en sonder enige verpligting aan u gestuur.

# Verstaan die mens se lyding

Deur Dexter B. Wakefield

Teoloë en filosowe kan dit nie kleinkry nie. Indien God genadig en goed is – maar ook almagtig – waarom is daar sulke verskriklike lyding? Die rubriekskrywer en kommentator Walter Lippman skryf: “Die heel grootste verwarring in teologie is om die oneindige goedheid van God met Sy almagtigheid te versoen. Niks plaas groter druk op die gewone mens se geloof as die bestaan van uiters redelose lyding in die heelal nie”.

Nog 'n skrywer, Walter Kaufmann, stel dit so: “Geloof in onsterflikheid, soos om in Satan te glo, laat die oeroue vraag onbeantwoord, naamlik: is God nie in staat om lyding te voorkom nie en is Hy dus nie almagtig nie? Of is Hy in staat om dit te voorkom, maar onwillig en dus nie genadig nie? Is Hy regverdig?”

Oor die laaste eeu het onbeskryflike lyding plaasgevind. Twee wêreldoorloë het groot dele van Europa en Asië vernietig en tienmiljoene mense dood en beseer gelaat. Despote het regdeur die vorige eeu deel gehad aan volks- en massamoorde op onskuldiges. Die euwels van oorlog, onderdrukking, rassisme, siektes en natuurrampe (om maar 'n paar te noem) gaan steeds onverpoos voort ten

spyte van die mensdom se pogings om dit die hoof te bied. Indien God genadig is, hoe kan hierdie dinge sowees?

Soms, wanneer mense gekonfronteer word met die groot lyding in die wêreld, raak hulle ontmoedig. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat daar nie 'n God kan wees nie, of dat hy ongeërg is, anders sou Hy nooit sulke pyn toelaat nie. Hoe sou u dit verduidelik?

Baie “teoloë” is wesenlik filosowe wat oor God en geestelike aangeleentheid redeneer. Teologie – die woord beteken “godstudie” – het in oertye ontstaan deur die politeïstiese Grieke wat geglo het dat geestelike kennis deur redenasie verkry kon word. Die een ware God – die God van Abraham, Isak, Jakob, Moses, die profete en die Apostels – sê egter dat Hy Homself deur Sy Woord aan ons *openbaar*. Daar is dinge wat ons slegs deur Sy openbaring kan weet – dinge soos wat reg en verkeerd is en Sy plan vir die mensdom. Wat God in Sy Woord openbaar aangaande die lyding van die mensdom, is uiters insiggewend en bemoedigend.

## Die kort antwoord

Die kort antwoord is soos volg: *Die mens kan nie*

*terselfdertyd vryheid van keuse en vryskelding van lyding hê nie.* God het vir die mens vrye morele keuses gegee. Daarom kan God goed, genadig en almagtig wees en nie altyd ingryp om ons te red van die gevolge van ons keuses nie – veral nie wanneer daardie keuses indruis teen dit wat Hy vir ons gesê het reg en verkeerd is nie. God laat ons toe om ons keuses te maak in hierdie huidige tyd waar boosheid nie net bestaan nie, maar hoogty vier. Maar hoe het ons wêreld so geraak? U Bybel verduidelik.

In die derde hoofstuk van Genesis lees ons die verhaal van die aanvanklike rebellie van Adam en Eva teen God: “Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat *julle soos God sal wees deur goed en kwaad te*

ken" (Genesis 3:1-5).

Ons weet uit ander dele van die Bybel (Openbaring 12:9; 20:2) dat die slang Satan is – 'n rebelse engel wat tevore as Lucifer bekend gestaan het. Dit is nie omdat Eva onintelligent was dat Satan haar kon mislei nie. Dit was omdat sy die vrugte wou hê. "Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet" (Genesis 3:6).

Om te besluit wat waarlik reg en verkeerd is, is die God wat alle dinge weet se bevoegdheid. Satan het egter vir Adam en Eva verlei met die groot leuen dat hulle goddelike mag sou hê om te kan onderskei tussen goed en kwaad – *sonder rampspoedige gevolge*. Hy het in effek vir hulle gesê dat die mens sy eie morele wette "maatskaplik kan saamstel" en dat geen lyding daaruit sou voortspruit nie. Adam en Eva het gou die omvang van Satan se misleiding besef. In Genesis 3:14-19 beskryf God die pyn en lyding wat uit hul ongehoorsaamheid gespruit het. Hierdie wesenlike situasie het sedertdien vir die mens voortgeduur.

Die mens behou steeds vir homself die kennis van goed en kwaad – reg en verkeerd – voor. Hulle bou instellings en morele stelsels op die onvaste fondasie van menslike insig en tot so 'n mate dat daardie stelsels herken

dat dit wat God as reg en verkeerd onthul, geneig is om goeie vrugte af te werp. Tot die mate wat hulle God se goddelike morele wet oortree – 'n handeling wat sonde genoem word – misluk hulle, wat groot lyding vir die mensdom meebring (1 Johannes 3:4). Waarom laat God toe dat die mens ly? *In 'n belangrike sin, ly die wêreld omdat hulle daarop aandring*. "Natuurlike oorsake" dra by tot die lyding van die mensdom, maar baie van die wêreld se lyding spruit uit sy geestelike mislukkings.

In die verhaal van Genesis 3 wat vroeër genoem is, het Satan vir Eva mislei, maar die vertelling maak dit duidelik dat Eva die misleiding aanvaar het omdat dit haar toegelaat het om te doen wat sy reeds wou doen. Die Bybel sê dat Satan die "hele wêreld verlei" (Openbaring 12:9) en baie sondes werk op daardie manier. Om die probleem te illustreer, laat ons onself 'n storie indink van 'n heel ongewone winkel wat deur Satan bedryf word.

### **Satan se "winkeltjie van misleidings"**

Satan het op 'n dag besluit om 'n winkel met die naam "Satan se winkeltjie van misleidings" in 'n besige straat naby 'n groot universiteit oop te maak. Hy leun eendag teen sy deurkosyn toe 'n geleerde man wat ontsteld en gefrustreerd lyk, met die sypaadjie aangestap kom.

"Aarde, Professor" roep

Satan uit, "wat is fout?"

Die professor was diep in gedagte, maar gaan staan, kyk op en besluit om sy penarie te verduidelik. Satan leun steeds gemaklik in die deur terwyl sy potensiële kliënt nader kom.

"Ek het baie oor die wêreld geleer," verduidelik die professor, "en daar is baie aanloklike dinge wat ek sou wou doen, maar hierdie Joods-Christelike morele stelsel is vir my uiters ongerieflik. Dit is te beperkend vir iemand so gesofistikeerd soos ek, maar ek kon myself nie daaruit redeneer nie".

Satan spring kiertsregop en sê: "Man, jy is net op die regte plek! Kom in! Ek het hier 'n lieflike misleidinkie wat jou in staat sal stel om te doen net wat jy wil terwyl jy nog steeds morele gesag kan afdwing. Jy gaan mal wees daaroor!" Terwyl hy agter die toonbank van sy winkel instap, verduidelik Satan verder: "Wat ek vandag vir jou het, is die moderne, hersiene weergawe van 'n klassieke misleiding wat ek meer as twee duisend jaar gelede aan 'n groep antieke Grieke, die Sofiste, verkoop het. Ek sal jou herinner hoe dit toe gegaan het" sê hy en begin voorlees uit 'n goeie boek oor intellektuele geskiedenis.

"Volgens Sofiste soos Protagorus, was die mens die maatstaf van alle dinge en moes sy eie individuele oordeel aangaande alledaagse dinge, die basis vorm van sy persoonlike geloof en

optrede – nie naïewe meedoening aan tradisionele geloof nie ... teenstrydige argumente, hetsy godsdiens of filosofies, kon nie staande bly teen kritiese argumente nie. Die uiteindelige waarde van enige oortuiging of mening kan slegs beoordeel word deur die praktiese bruikbaarheid daarvan in die voldoening aan individuele behoeftes in die lewe”.

“Sofiste het herken dat elke persoon sy eie ervaring en daarom sy eie realiteit gehad het. Op die ou end, het hulle geredeneer, is alle begrip subjektiewe menings. Werklike objektiwiteit is onmoontlik. Al waarop 'n mens met reg aanspraak kan maak om werklik te weet, is waarskynlikhede, nie besliste waarhede nie .... Gevolglik het die Sofiste die afleiding gemaak ten gunste van buigbare ateïsme of agnostisme in metafisika en situasie-moraliteit in etiek. Aangesien godsdiensgeloof, politiese strukture en morele gedragsreëls nou beskou word as menslik ingestelde konvensies, is alles nou oop vir fundamentele bevraagtekening en verandering” (*The Pas-*

*sion of the Western Mind*, Richard Tarnas, bl. 27-29, klem ons eie).

Satan gaan voort: “Dit is hoe ek dit destyds in die goeie ou dae van antieke Griekeland verkoop het, maar my moderne semanties-versterkte weergawe lyk só: “Aangesien daar geen God is nie, is alle morele stelsels maatskaplik saamgestel en is dus ewe geldig”. Satan grinnik en voeg by: “Ek is gek na daardie woord 'geldig'. Dit verwar hulle altyd.” Hy gaan voort: “As jy jouself en andere van hierdie beginsel kan oortuig, kan jy jou eie reëls maak en steeds morele gesag uitoefen! Jou grootse oorweging sal jou eie persoonlike krag wees en jy sal vir jouself 'n god wees wat goed en kwaad ken!”

Die professor was in ekstase. “Dankie, Satan” sê hy opgewek. “Ek sal dit dadelik toepas”.

#### **Hanteer dit**

Wat is een manier hoe jy daardie misleiding logies kan hanteer? Dis maklik. Die vraag is nie of alle morele stelsels ewe geldig is nie; die vraag is of alle morele stelsels gelyke uitkomst het. Hulle het nie, soos ons maklik kan waarneem uit die geskiedenis en ons daaglikse lewens. Ons – individueel en gesamentlik as samelewings – het vryheid van keuse, maar afhangend van wat ons kies, mag die gevolge – vir ander en vir onself – goed of kwaad wees.

Kan die mensdom dus verwag om terselfdertyd vryheid van keuse sowel as vryskelding van lyding te hê? Natuurlik nie. Ons kan sien hoe verkeerde morele keuses wat deur individue en samelewings gemaak word, gevolge het en lyding veroorsaak. Net omdat ons beoog dat 'n maatskaplik saamgestelde morele stelsel goeie gevolge moet hê, beteken nie dat dit so sal wees nie. Verkeerde morele keuses bring swak resultate, hetsy of ons dink dit so behoort te wees al dan nie. Ongeag wat die antieke Sofiste en hul moderne “ge-sofistikeerde” nakomelinge glo, *benodig goddelike wette nie ons toestemming om te bestaan en te werk nie*. Dit bestaan objektief en aangesien ware morele wette nie maatskaplik saamgestel is nie, moet die mens besef dat dit 'n gewer het. Volle kennis daarvan moet *onthullend* wees. Die goeie nuus is dat ons 'n bron van kennis het wat onthul wat waarlik reg en verkeerd is, maar die slegte nuus is dat, soos Adam en Eva, baie min mense gehoorsaam wil wees.

#### **“Die ware Jakob”**

Wat onthul God aan die mensdom aangaande hierdie kwessie? Sy kennis is baie groter as ons s'n. “Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes” (Jesaja 55:8-9).

God onthul dat “daar ... geen deurgronding van sy verstand [is] nie” (Jesaja 40:28). “Want die woord van die HERE is reg, en al sy werk is met trou. Hy het geregtigheid en reg lief; die aarde is vol van die goedertierenheid van die HERE” (Psalm 33:4-5) “en my geregtigheid [word] nie verbreek ... nie” (Jesaja 51:6). “Ook is u geregtigheid, o God, tot in die hoogte; U wat groot dinge gedoen het, o God, *wie is soos U?*” (Psalm 71:19).

Die laaste vraag kom reg tot die punt. In terme van regverdigheid (om die eienskap te hê om regverdig te wees) wie is soos God? Natuurlik niemand nie, want mense is nie alwetend of almagtig nie. Die mens dring egter daarop aan om die kennis van reg en verkeerd vir homself toe te eien en vir duisende jare was die gevolge rampspoedig – vir individue sowel as vir samelewings. Die apostel Paulus waarsku die Kerk in Galasië: “Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai” (Galasiërs 6:7-8).

Dit is nie te sê dat wanneer een van ons geliefdes siek word of deur die lewe se hartseer getref word, hy of sy dit altyd oor hom- of haarself gebring het nie. Allermens. Lyding kan deur ander se optrede veroorsaak word – soos in motorongelukke – of bloot deur tyd en lotgeval in 'n era waar die mens in geheel daarop aandring om hul eie ding

te doen. God is egter werklik besorg oor ons lyding en beloof dat die huidige gemors wat die mens veroorsaak het, nie blywend sal wees nie: “En die Here HERE sal die trane van alle aangesigte afvee; en Hy sal die smaad van sy volk van die hele aarde af wegneem; want die HERE het dit gespreek” (Jesaja 25:8).

### Is God onbetrokke?

Die Bybel leer ons dat God die mens in hierdie era toelaat om sy eie weg te volg, sy eie foute te maak en sy eie gevolge te dra. Sommige mense doen ander doelbewus kwaad aan, terwyl andere kwaad doen weens misleiding. Daarby erken die Bybel ook dat ons nie alles in ons lewens beheer nie. Natuurrampe vind plaas “want tyd en lotgeval tref hulle almal” (Prediker 9:11). Is God egter onbetrokke in mensesake? Inteendeel! God is baie betrokke en die Bybel is vol van die talle verskillende maniere waarop Hy betrokke is. Hier volg maar net 'n paar.

*Die Bybel onthul dat God 'n plan het vir die mensdom.* Eenvoudig gestel, “Hy [bring] baie kinders na die heerlikheid” (Hebreërs 2:10), en Jesus is “die eersgeborene ... onder baie broeders” (Romeine 8:29). In hiërdie tyd van die mens se rebellie, laat God egter die wêreld toe om die gevolge te leer van die verwerping van Sy leefwyse – Sy goddelike morele wet. God het gesê dat wanneer ons genoeg mag bekom het, ons

onsself sou vernietig tensy Hy sou ingryp. Jesus stel dit e e n v o u d i g i n d i e Bergpredikasie: “En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (Mattheus 24:22). God sê dat Hy ingryp in die mens se sake ten einde Sy plan vir die mensdom te volbring. Daardie belofte is 'n groot bron van hoop vir 'n wêreld vol sorg, want wanneer God ingryp, doen Hy dit om Sy belofte gestand te doen.

*God se ingryping in die lewens van diegene wat Hy in Sy Kerk geroep het*, is nog 'n manier hoe Hy betrokke is. Jesus sê byvoorbeeld: “Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie” (Johannes 6:44). Wanneer die Vader ons trek, gee Hy bekering en met die doop vergewe Hy ons sondes deur onverdiende genade. Deur Jesus se offer, het ons “verlossing ... deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes” (Kolossense 1:14). Die gawe en werking van God se Heilige Gees is 'n wonderbaarlike ingryping in die lewe van elkeen van God se kinders. Dit is God se Gees wat ons in staat stel om te leef soos Hy beveel het en wat ons innerlik hervorm namate ons so leef. “Want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae” (Filippense 2:13). Dit is 'n belangrike en geseënde ingryping. Die begripsvermoë en gehoorsaamheid wat God se Gees te weeg bring, is vandag

afwesig in die mensdom, maar dit sal nie altyd so wees nie. “En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees” (Joël 2:28). “En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen” (Esegiël 36:26-27).

*God verhoor gebede* en Hy is betrokke by ons as persone op *baie maniere* – soos byvoorbeeld in genesing. Paulus onderrig: “Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. *Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag*” (Jakobus 5:14-16). God gee om vir Sy kinders, hoor ons gebede en lei ons uit ons beproewings uit. “Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; *maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee*, sodat julle dit sal kan verdra” (1 Korintiërs 10:13). God sal ingryp om selfs ons persoonlike beproewings tot ons voordeel te laat uitwerk indien

ons Hom gehoorsaam. “En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree. *En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk*, vir hulle wat na sy voorneme geroep is” (Romeine 8:27-28).

*God sê dat Hy vir enige lid van die samelewing mag ingryp bloot uit Sy genade, goedheid en meegevoel.* “Wat sal ons dan sê? Is daar miskien onreg by God? Nee, stellig nie! Want aan Moses sê Hy: Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm” (Romeine 9:14-15).

Hierdie is maar net 'n paar van talle Bybelse voorbeelde waar God aktief deelneem in die lewens van die mensdom, die Kerk van God in geheel, individuele lidmate en ander lede van die samelewing. Dit is duidelik dat God bereid is om baie betrokke te wees in ons lewens in hierdie era, selfs al verwerp die mensdom Hom voortdurend.

Waarom laat God dus toe dat die mensdom swaarkry? Die kort antwoord is dat die mens daarop aandring. Die hele wêreld is vir lank reeds mislei om te dink dat hulle reg en verkeerd *maatskaplik* vir hulself kan bepaal, maar hulle kan nie; God sê dat ons nie bevoeg is nie. Die wêreld het die pad gekies waarop hy is en moet vir 'n tyd lank die gevolge van daardie keuse dra. Daar kan nie **beide**

vryheid van keuse **en** vryskelding van lyding wees solank die wêreld God verwerp en ontken nie. Daar is slegte gevolge en bose uitkomst omdat die gevolge van alle morele stelsels nie dieselfde is nie. Dit is die gevolg van slegs een ding. Werklike morele wette bestaan, hetsy die wêreld dit glo al dan nie en daardie goddelike wet moet deur die Gewer daarvan openbaar word. Ongelukkig woon ons steeds in 'n bese tydvak waarin daar steeds baie lyding voorkom.

Indien ons egter in God glo en Hom gehoorsaam, kan ons toegang hê tot Sy oneindige wysheid, want: “Die getuienis van die HERE is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige” (Psalm 19:8). In God se oë is selfs die ongesofistikeerde persoon wat Hom glo, wyser as daardie wêreldse professor. Indien ons egter nie glo en gehoorsaam is nie, is ons op ons eie en dit is waar die wêreld hom tans bevind.

Deur die eeue het God se Kerk beslis groot vervolging beleef. Soos Jesus verduidelik: “As die wêreld julle haat, moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het. As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle” (Johannes 15:18-19). Tesame met vervolging het die Kerk ook nog te make met “tyd en lotgeval” en versoekings en beproewings “wat menslik is”.

# 'n Lewenswyse

Deur Roderick C. Meredith

Die meeste van u wat lank reeds lidmate van die Kerk is, sal onthou dat mnr. Herbert Armstrong ons in die 1950's en 1960's geleer het dat ware Christenskap 'n totale leefwyse is. Dit is *nie* net 'n geloof in Jesus as Persoon nie. Dit is ook opregte en bewuste navolging van Jesus se opdrag: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (Lukas 4:4). In *begin*sel – hoewel nie altyd letterlik nie – moet ons selfs die Ou Testamentiese instruksies wat in die "insettinge" van God gegee word, navolg omdat ons weet dat die hele Nuwe Testament, die *hele* Bybel, die "inteltek van God" onthul, soos deur Christus se persoonlike leringe duidelik gemaak word.

Die Ou Testament gee instruksies oor onderwerpe soos dat 'n mens gereeld moet was, oor die *bedekking* van menslike afval onder die grond sodat dit nie siektes versprei nie, oor die aanbring van 'n reling rondom die plat dak van 'n huis sodat mense nie sal afval nie, om nie dierlike vet te eet nie en om slegs die diere te eet wat die Bybel as "rein" aangedui het. Dit alles – en baie meer – is deel van 'n **leefwyse** wat erken dat "God die beste weet", selfs in die kleinste besonderhede van die lewe. Deur hierdie hele leefwyse noukeurig na te volg, "verdien" ons beslis nie verlossing nie, maar dit toon dat ons *werklik*

probeer om te leef "van elke woord van God". Namate ons groei in insig en in ons nederige toegewing tot God se Woord, help dit ons verseker om te kwalifiseer vir groter verantwoordelikhede in die komende Koninkryk van God. God kan sien dat ons ywerig Sy leefwyse in ons lewens toepas en dat ons gevolglik *veel meer gewillig en ervare* sal wees in die toepassing van hierdie leefwyse in die vyf of tien stede waaroor *ons* moontlik in beheer sal wees in Christus se toekomstige wêreldregering (Lukas 19:19; Openbaring 2:26-27).

God se geïnspireerde Woord dui aan dat ons "vreeslik wonderbaar is" (Psalm 139:14). Dit onderrig ons: "verheerlik God dan in julle liggaam" (1 Korintiërs 6:20). As ons dus *werklik* hierdie en ander duidelike skrifture glo, behoort ons te aanvaar dat *elke* deel van ons liggaam met 'n doel daargestel is. Ons behoort te aanvaar dat *elke* orgaan in ons liggaam vir 'n goeie rede daar is en behoort nie *sonder 'n baie goeie rede* verwyder te word nie!

Daarby moet ons onself vergewis van die feit dat die heel beste dokters en mediese navorsers nou besef dat *baie* van die operasies en prosedures wat dokters tradisioneel uitgevoer het, dikwels *heeltemal onnodig* en soms selfs *gevaarlik* is! Byvoorbeeld, in 'n onlangse artikel in die *New York Times* vertel Lisa Sanders, MD, van

haar eie skynbare ontnugtering met die bykans vererende benadering wat miljoene mense teenoor medikasie inneem. Dr. Sanders beskryf dat die dekaan heel aan die begin van haar opleiding in die mediese skool gesê het: "Die **helfte** van wat ons u hier leer is **verkeerd, ongelukkig weet ons nie watter helfte nie!**" (nadruk ons eie).

Dr. Sanders beskryf voorts hoe drastiese veranderings soms elke vyf of tien jaar gemaak word in die behandeling van sekere toestande. Die dokters *self* sê aan ons dat hulle geneeskunde "beoefen".

Beteken dit dat ons dokters geheel en al moet vermy? *Natuurlik nie!* As u deur 'n vragmotor getref word, beter u na 'n hospitaal gaan en *dadelik* 'n opgeleide geneesheer sien! Mediese dokters, tandartse, osteopate, chiropraktisyne en ander beroepsgeondheidswerkers lewer dikwels 'n *onskatbare diens* aan hul medemens. Hulle is dikwels diep opregte en toegewyde mense wat die "beste doen wat hulle kan" met hul huidige kennis en die middele tot hul beskikking. Dit behoort *opreg waardeer* te word!

Aan die ander kant, as u hul geskifte lees, sal u waarskuwing na waarskuwing vind oor die gevare van die gebruik van te veel medikasie en oor agtelosigheid en selfs wanpraktyke in sekere



hospitale. Dit behoort ons dus te help om dit *baie sorgvuldig te oorweeg* alvorens ons **enige** mediese prosedure ondergaan. Dit behoort ons ook aan te moedig om gesteld te wees daarop dat ons alles in ons vermoë doen om siektes en beserings aan ons liggame te **voorkom**. Ek is ingeteken op 'n paar gesondheidsnuusbriewe wat deur top medici geskryf is. Hierdie nuusbriewe waarsku almal, in beginsel, dat ons die ou spreekwoord moet onthou: “Daar is 'n **oorzaak** vir elke *gevolg!*” Hierdie gesondheidsorg deskundiges, baie van hulle dokters, moedig *almal* hul lesers aan om die gesondheidswette noukeuriger na te volg en dus in die eerste plek **nie** siek te word nie! Hulle beskryf bloot vanuit hul professionele perspektief die beginsel dat ons God in ons liggame moet verheerlik. Dit is 'n baie belangrike deel van die “leefwyse” van 'n ware Christen.

God sê vir ons: “Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie” (Spreuke 22:6). Ons belydende Christennasies *het in die verlede* miljoene eerbiedige en gehoorsame jongmense gehad, maar etlike dekades gelede het die “kindersielkundiges” die lig gesien. Hulle is in geheel opgelei deur Godverwerpende, wêreldse, humanistiese professore wat hoegenaamd *geen aandag gegee het* aan die leringe van die Bybel nie. Toe kom dr. Benjamin Spock en ander soos hy, wat ons 'n *totaal*

*ander benadering* tot onderrig, opleiding en dissipline van ons kinders gegee het. Soos baie mense opgemerk het, het dit gelei tot 'n hele geslag van selfsugtige, ongedissiplineerde en onregeerbare kinders wat grootgeword het met “Spock”-merke oral oor!

Binne 'n dekade of so nadat die Amerikaners en Britte begin het om hierdie “geleerde dwase” toe te laat om ons te vertel hoe om ons kinders groot te maak, het die statistieke vir jeugoordredings begin om die hoogte in te skiet. Jongmense het begin om hulle te wend tot onwettige dwelms en ander sosiale euwels het begin toeneem. Soos hulle sê: “Die res is geskiedenis”.

Op die gebied van die huwelik en gesin, sê God se Woord baie duidelik: “Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook die Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vrou dit ook in alles aan hul eie mans wees. Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. So behoort die mans hul eie vroue lief te hê soos hul eie

liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief” (Efesiërs 5:22-28).

Toe kom “feminisme” en die moderne “kies en keur” benadering tot die Bybel egter op die toneel – iets wat selfs deur baie belydende Christene aangeneem is. Die leiers van hierdie bewegings verwerp die Bybel egter geheel en al as 'n waaragtige gesag, óf hervertolk selfs die helder en duidelike teksverse om hulself te pas. As gevolg van die heeltetal *verkeerde benadering* tot die huwelik en gesin wat die hedendaagse sogenaamde deskundiges inneem, verbrokkel huwelike in ons Westerse, belydende Christennasies met toenemende gereeldheid en *miljoene* jongmense besluit om bloot “saam te woon” sonder die voordele van die huwelik!

Baie van u – soos ek ook – het geles van die afskuwelike gevolg van mense wat nie *God se leringe* aangaande die huwelik en huislike lewe volg nie. Die ware prentjie van die lewe vir die miljoene ongelukkig getroude paartjies – en die wat net saamwoon – is werklik baie hartseer. Deesdae word jongmense nie geleer *hoe* om 'n standvastige en gelukkige tuiste te skep nie. Hulle is **nie** geleer om hulself *totaal te verbind* tot mekaar voor God ten einde 'n tuiste en gesin te bou “tot die dood ons skei” nie. Hulle is *nie* geleer om te *gee* en **gee** en mekaar voortdurend in die huweliksverhouding te vergewe nie. Sodoende word hulle

geheel en al ongelukkig en leef lewens van ongekende pyn en smart. Hulle kinders – by die miljoene – word verward, ontwrig en wrokkig omdat hul ouers skei. In selfbejammering en woede wend baie van hierdie kinders hulle tot dwelms, misdaad en soms selfs tot geweld in hul frustrasie. Dit is deeglik aangeteken dat kinders uit gebroke huise 'n baie hoër selfmoordsyfer toon. Hulle probeer bloot die probleem “oplos” deur *hulself om die lewe te bring*.

“Die loon van die sonde is die dood”, sê u Bybel (Romeine 6:23). Selfs fisiese dood is dikwels die gevolg vir diegene wat God se wette van gesondheid, die huwelik of kinderopvoeding verbreek.

Daar is 'n oorsaak vir elke gevolg. Hoewel ons in 'n verwarde en toenemend God-verwerpende samelewing leef, moet ons as die Kerk van God terugkeer na die regte leefwyse wat deur die vroeë Christene onderrig en beoefen is.

In die laat 1940's en vir baie jare daarna het mnr. Herbert W. Armstrong probeer om hierdie leefwyse te herwin en dit deelagtig te maak aan God se mense – veral aan die studente van Ambassador Kollege. Trouens, hy het die leuse vir Ambassador Kollege gestel as: “Herwin Egte Waardes”. Deur baie studie, gebed en God se leiding, het hy probeer om die vroeë Ambassador Kollege-studente te leer hoe om fatsoenlik uit te gaan en 'n ware Christelike hofmakery aan te

voer, hoe om 'n mens se maat in die huwelik lief te hê en te dien en hoe om 'n kind leiding te gee “oor hoe hy moet leef” (Spreuke 22:6, NV).

Uit die aard van die saak was ons hoegenaamd nie “perfek” nie. Ons het almal geleer met die tyd, maar tot die mate waartoe ons hierdie leefwyse gevolg het, was ons huwelike geseënd, was ons gesonder en was ons gesinne in geheel in 'n beter toestand as die meeste gesinne in die samelewing om ons. Selfs die bure het dikwels opmerkings gemaak oor hoe die Ambassador studente 'n innerlike vreugde “uitstraal” en ongewone vriendelikheid en hofflikheid geopenbaar het.

Trouens, in die vroeë jare van Ambassador Kollege, het nie 'n enkele egskedding plaasgevind nie! Toe dit die eerste keer gebeur, was baie van ons geskok omdat ons nog nooit so iets in ons midde ervaar het nie. Wat ook beduidend is, is dat, tot die beste van my wete, selfs na jarelange ondersoek en kontroliering, ek nie bewus is van een enkele verkragting wat deur 'n student van Ambassador Kollege gepleeg is nie – hoewel duisende jongmense die Kollege deur die jare bygewoon het.

Ons is ook geleer: “Put jou genot uit jou werk!” Ons is voortdurend aangemoedig om lewens van produktiwiteit en kundigheid te leef. Ons is dikwels herinner aan Prediker 9:10: “Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag, want daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die

doderyk waarjy heengaan nie”.

Mnr. Armstrong het ons gereeld vermaan om hoër standaarde te stel en te streef na ware kwaliteit in dit wat ons lees, die musiek waarna ons luister, die kos wat ons eet en die manier waarop ons mekaar behandel. Ons is geleer dat God altyd iets “reg” doen en dat ons moet streef na die regte soort kultuur en kwaliteit op elke gebied van ons lewens.

Dus wil ek graag elkeen van u as lesers – jonk en oud – aanmoedig om weer te dink oor die “lewenwyse” van 'n ware Christen. Soos mnr. Armstrong, sal ons nie in staat wees om elke fase en faset van hierdie weg in die Lewende Kerk van God perfek te herstel nie, maar ons kan probeer. Ons kan wesenlike vordering maak mits ons ywerig streef om God te eer op al hierdie gebiede – mits ons nou begin, vandag nog!

Wanneer ons Here en Verlosser, Jesus Christus, terugkeer na hierdie aarde, sal ons met vreugde “die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete” (Handelinge 3:21), ervaar. Die volheid van hierdie leefwyse sal die hele wêreld onder Christus se heerskappy deursypel. As “baanbrekers” – as deelnemers aan die eerste opstanding met die wonderlike geleentheid om hierdie “wyse” te onderrig – moet ons egter nou hierdie wyse in ons lewens leer en toepas. Mag God elkeen van ons lei en inspireer om juis dit te doen. §

## Die “verskuilde” boodskap van Jesus Christus (Vervolg vanaf bladsy 7)

Jesus gee die gelykenis van die ponde (of mina's, soos die Griekse woord letterlik vertaal word) omdat hulle “gedink het dat die koninkryk van God onmiddellik sou verskyn” (Lukas 19:11-26). Sy luisteraars het duidelik verwag dat 'n **letterlike regering** op hierdie aarde opgestel gaan word! Het Jesus hulle vertel dat hierdie gedagte **verkeerd** was? *Nee!* Jesus verduidelik eerder dat Hy (“die edelman”) hemel toe sou gaan en dan *na die aarde sal terugkeer* om te sien hoeveel Sy volgelingen oorwin het en wat hulle met hul talente en vaardighede gedoen het.

*Wat sê Jesus* aan die eerste

dienskneg wat sy minatienvoudig vermeerder het? Het Hy gesê: “Nou kan jy hemel toe gaan om te rus”?

*Nee!* Jesus sê: “Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy *gesag hê oor tien stede*” (vers 17). Sy beloning is nie “om hemel toe te gaan nie”, maar wél die geleentheid om *hier op aarde* oor tien stede **te regeer!** In die opstanding uit die dode wat binnekort sal plaasvind, sal diegene wat waarlik oorgegee het om volgens “**elke woord van God**” te leef (Lukas 4:4), grootliks beloon word. Let weereens op God se belofte: “Salig en heilig is hy wat deel het

aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings **regeer** duisend jaar lank” (Openbaring 20:6).

Sal u persoonlik Christus se boodskap oor die komende Koninkryk van God **glo**? Sal u oorgee aan die ware Christus van die Bybel om Hom toe te laat om *Sy gehoorsame lewe in u te leef* (verg. Galasiërs 2:20)? Onthou Jesus se reguit uitdaging: “Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; *bekeer julle* en **glo** die evangelie” (Markus 1:15). §

## Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)

gegee het, was dat Hy drie dae **en** drie nagte in die graf sou wees voor Hy sou opstaan! Onthou altyd Jesus se woorde in Matteus 12:39-40: “'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona *drie dae en drie nagte* in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees”.

Van Vrydagmiddag na Sondagoggend is slegs *een* dag en *twee* nagte! Die “Goeie V r y d a g / P a a s f e e s” oggendtradisie is dus *regstreeks in teenstelling* met die spesiale uitkenningstekens wat Jesus Self gegee het om te *bewys* dat Hy

inderdaad die ware Messias was. Die viering van hierdie heidense fees, Paasfees, behels dus **twee groot booshede**. Eerstens is dit gebruik om die ware Christenpasga te *vervang* wat die Bybel gebied en waarmee Jesus en die Apostels vir ons 'n *voorbeeld* gestel het deur dit altyd te onderhou (1 Korintiërs 11:1). Tweedens is dit *regstreeks in teenstelling* met die spesiale “teken” wat Jesus se Messiasbewys!

Verder het die heeltemal verwarde leiers van die belydende Christenkerk verskeie heidense begrippe oor hemel en hel ingestel. Soos ons al herhaaldelik in hierdie tydskrif verduidelik het en wat *ten volle*

*verduidelik* word in hierdie uitgawe se hoofartikel, is die ware **doelwit** van die ware Christen in die opstanding, om by die terugkerende Jesus Christus *op hierdie aarde* aan te sluit en te dien as “konings en priesters” onder Christus se leierskap. Die ware heiliges word getoon waar hulle uitroep: “want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en *ons sal as konings op die aarde heers*” (Openbaring 5:9-10).

Glo dit of nie, daar is **niks** in die hele Bybel wat belooft dat die uiteindelijke loon van die heiliges is om “hemel toe te gaan” nie. Die Bybel praat van die

Koninkryk **van** die hemel – maar nie **in** die hemel nie. Die Bybel praat daarvan dat ons opgewekte liggame “van” die hemel kom en nie “in” die hemel bly nie (2 Korintiërs 5:1-2). Daar is verskeie teksverse wat toon dat die ware heiliges 'n “hemelse” beloning sal ontvang, maar dit sê **nie** dat ons hemel toe sal gaan om dit te ontvang nie. Jesus sê byvoorbeeld: “En kyk, **Ek kom** gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees” (Openbaring 22:12). Jesus verduidelik ook in Mattheus 16:27: “Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlijkheid van sy Vader te **kom**, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade”.

U Bybel toon eerder dat Christene *op hierdie aarde* sal wees (Openbaring 5:10) na die Wederkoms van Christus en hier sal *bly* gedurende die Millennium om Jesus te help *regeer* en uiteindelik *vrede* en *vreugde* na hierdie gekwelde planeet te bring. Let hierop: “Salig is die sagmoediges, want *hulle sal die aarde beërwe*” (Mattheus 5:5). In 1 Korintiërs 6:2 vra Paulus in retoriek: “Weet julle nie dat die heiliges *die wêreld sal oordeel* nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?” Ons vind ook in Sagaria 14:1-19 dat

Jesus Christus na Jerusalem sal terugkeer as Koning van konings: “En *in dié dag* sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide” (vers 4). Terselfdertyd lees ons: “En die HERE sal Koning wees *oor die hele aarde*; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een” (vers 9). *Bestudeer asseblief noukeurig* die hoofartikel in hierdie uitgawe – kyk elke vers *in u eie Bybel* op – wat die *ware* beloning van die ware heiliges van Christus beskryf!

*Genoeg hiervan!* Die belydende Christenkerke onderrig letterlik talle basiese leerstellings wat net so min “Christelik” is soos die paashaas en Rudolf die rendier met die rooi neus!

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif is waarlik *anders* omdat ons die moed en intellektuele eerlikheid het om hierdie *grootskaalse afdwaling* van egte Bybelse Christenskap uit te wys. Ons toon aan u hoe u duidelik die Waarheid tot u eie tevredenheid kan **bewys** – nie uit die een of ander “verskuilde” Bybel wat ons geskryf het nie, maar uit u *eie Bybel!* Ons maak baie spesiale “sleutels” duidelik

wat u sal help om Bybelprofesie te verstaan – sleutels wat baie min mense vandag verstaan – sodat u kan beseft dat Jesus nie net sal “terugkeer” nie, maar ook die baie *spesifieke besonderhede* rondom Sy Wederkoms! Ons toon aan u watter groot nasies op *watter* wyses geraak sal word namate die tyd nader kom, vir watter spesifieke “tekens” u op die uitkyk moet wees en wat u moet *doen!*

As dienaars van die lewende God, vra ons *hoegenaamd geen geld vir enige* van ons tydskrifte, boekies, audiokassette of materiaal nie. Jesus sê: “Julle het dit verniet ontvang, **verniet moet julle dit gee**” (Mattheus 10:8). Hoewel die verkondiging van die volle Waarheid niemand nog ooit gewild gemaak het nie, *weet* ons Wie ons dien. Daarom – om u eie ontwil – moenie vir die Waarheid bang wees nie. Wees gewillig om die geestelike en intellektuele energie en moed aan die dag te lê om die Waarheid te *bestudeer*, dit te *bewys* en daarvolgens te *leef*. Hoewel daar beproewings, toetse en vervolging langs die weg sal wees, sal die God van die hemel u meer beloon as wat u uself nou kan indink.



**Kom besoek ons gerus by ons nuwe  
Afrikaanse Webblad: <http://www.wvm.co.za>**